

12 Junie 2 Kronieke 14:1-15:19

(Teks: 14:11)

Erken u swakheid en vertrou op God se almag

Het u al só gebid? Dit spreek van geloof en vertrou. As elke gelowige vandag só sou bid, dan sal daar vrede in hierdie land wees.

Asa het gelewe volgens die Woord en tree op teen die afgodsbeelde en al die ongeregtigheid wat daarmee gepaard gaan. Die gevolg van sy lewe en werk was vrede in die land. Die Kussiet Serag val Juda met 'n baie groot oormag aan. Asa bid: Hy erken sy eie swakheid en bely dat net die Here God hulp kan gee. Dit is die vereistes vir 'n ware gebed. Erken jou swakheid en vertrou God. Asa steun op God en in sy naam trek hy op in vertrou dat geen mens teen Hom kan wen nie. Juis wanneer jy swak is, dan is jy sterk in die Here. Hy help swakkes en gee krag. Hy verhoor die gebed en hulle wen.

Wanneer mense afvallig word, verval die samelewing en kan niemand veilig leef nie. Asarja, die profeet, verkondig: Toe Israel hom in sy nood tot die Here sy God bekeer het, het Hy Hom deur hulle laat vind. Dit is die onverdiende en genadige liefde van God dat Hy hom laat vind deur mense op grond van die soenverdienste van Jesus Christus.

Hy gee uit genade rus vir dié wat Hom soek en dien in liefde en opregtheid. Erken u swakheid biddende en vertrou op die Here se almag, want wanneer u swak is, oorwin sy krag. Dan sal daar vrede en voorspoed in hierdie land onder sy beskermende hand wees.

Sing Psalm 91:1,3,6

Dr. S.J. van der Merwe (Duineveld)